**AFRIKAANS TAT VRAEBANK - NW**

**KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE:**

Kyk na die prente hieronder en beantwoord die vrae.

Kies die antwoord om by elke situasie te pas.
Skryf net die vraagnommer (6.1–6.5) en die letter (A–D) neer.

6.1



[Uit Google Images]

Piet se pa is **kwaad** oor Piet se swak rapport.
Kies die sin wat die beste aandui hoe **kwaad** Piet se pa oor die swak rapport is.

A "Ag nee! Ek is regtig teleurgesteld in jou!"
B "Ek hoop jy probeer volgende keer harder."
C "Ek kan nie glo dat jou punte so laag is nie!"
D "Sulke swak punte! Dis onaanvaarbaar!" (1)

Kyk na die prente hieronder en beantwoord die vrae.

Kies die antwoord om by elke situasie te pas.
Skryf net die vraagnommer (6.1–6.5) en die letter (A–D) neer.

6.1




[Uit Google Images]

Piet se pa is **kwaad** oor Piet se swak rapport.
Kies die sin wat die beste aandui hoe **kwaad** Piet se pa oor die swak rapport is.

A "Ag nee! Ek is regtig teleurgesteld in jou!"
B "Ek hoop jy probeer volgende keer harder."
C "Ek kan nie glo dat jou punte so laag is nie!"
D "Sulke swak punte! Dis onaanvaarbaar!" (1)

6.2



[Uit Google Images]

Gert bedel voor 'n winkel.
Kies die mees gepaste sin wat Gert kan gebruik om die sakeman te **oorreed** om vir hom geld te gee.

A "Het Meneer nie 'n geldjie vir 'n baie honger man nie, asseblief?"
B "Gaan jy regtig niks vir my gee nie, Meneer?"
C "Gee vir my geld, ek is honger en het kinders by die huis."
D "Het Meneer vir my 'n paar rand?" (1)

6.3




[Uit Google Images]

Die verkoopsman probeer die vrou **manipuleer** om sy produk te koop.
Kies die sin wat die beste aandui hoe die verkoopsman die vrou probeer **manipuleer** om sy produk te koop.

A "Ek wil graag hê u moet na die produkte kyk wat ek verkoop."
B "Ek verkoop produkte en ek is seker u sal daarvan hou."
C "As u vandag my produk koop, betaal u slegs die helfte van die prys."
D "Ek hoop u het genoeg geld, want ek verkoop goeie produkte." (1)

6.4




[Uit Google Images]

Chris het die atletiek gewen en spog teenoor die ander deelnemers.
Kies die sin wat die beste aandui hoe **onsensitief** hy is.

A “Geluk met julle prestasie. Dit was lekker om teen julle deel te neem.”
B “Ek is so dankbaar dat ek kon deelneem.”
C “Julle was maar net vandag ongelukkig om te verloor.”
D “Julle is verloorders; julle sal my tog nooit kan wen nie!” (1)

6.5



[Uit Google Images]

Die dokter raas met die oorgewig pasiënt omdat hy nie gewig verloor nie.
Kies die sin wat die beste aandui hoe die dokter oorgewig mense **stereotipeer**.

A “Om gesond te bly, sal jy minder moet eet en meer oefen.”
B “Jy sal net moet maer word, Vetsak!”
C “Al julle oorgewig mense sit net heeldag en televisie kyk en oefen nie.”
D “Jy is oorgewig en sal minder moet eet!” (1)
**[5]**

6.1





[Uit: *ClipArt*]

Die bestuurskool se instrukteur is **onsensitief** teenoor die jongman wat baie bang is om die motor te bestuur.
Kies die sin wat aandui hoe **onsensitief** die instrukteur is.

A "Ontspan, ek is seker jy kan baie goed bestuur."
B "Dis nie so erg nie, al sukkel jy om te bestuur."
C "Ek kan sien jy is bang, maar laat ons begin."
D "Jy kan nie bestuur nie; jy gaan net my tyd mors." (1)

6.2



[Uit: *Google Images*]

Die groepleier probeer almal **motiveer** om saam te werk aan hulle projek.
Kies die sin wat die beste aandui hoe die groepleier almal **motiveer**.

A "Julle weet wat om te doen, gaan doen julle werk!"
B "Werk hard, want dan sal ek nie met julle baklei nie."
C "Ons is 'n wenspan; dus weet ek ons gaan sukses behaal."
D "Dié projek is vir my belangrik; daarom moet julle hard werk." (1)

6.3



[Uit: *Google Images*]

Willem het lelik met Maria gepraat. Sarel is baie **kwaad** vir Willem, omdat hy so lelik gepraat het.
Kies die sin wat die beste aandui hoe **kwaad** Sarel is.

A “ ’n Mens praat nie so lelik met ’n meisie nie.”
B “Jou skobbejak, jy praat nooit weer so lelik met Maria nie!”
C “Maria is hartseer omdat jy so lelik met haar gepraat het.”
D “Ek dink jy behoort vir Maria om verskoning te vra!” (1)

6.4




[Uit: Google Images]

Die man het te vinnig gery en probeer die regter **manipuleer** om nie vir hom ’n boete te gee nie.
Kies die sin wat die man kan gebruik om die regter te **manipuleer** om nie vir hom ’n boete te gee nie.

A “Ek sal nie betaal nie, so jy kan ophou om my tyd te mors!”
B “Asseblief Meneer, moet my nie ’n boete gee nie.”
C “Gee die boete dat ek kan loop!”
D “As u ’n goeie hart het, sal u my hierdie keer verskoon.” (1)

6.5




[Verwerk uit *Google Images*]

Die ou man het groot geskrik vir die seun wat vinnig op sy skaatsplank by hom verbygejaag het.
Kies die sin wat die beste aandui hoe die ou man tieners **stereotipeer**.

A "Hiert, hoe skrik ek nou vir die ongeskikte seun!"
B "Ag nee, tieners behoort versigtiger te ry!"
C "Hierdie kind se ma het hom geen maniere geleer nie."
D "Die tieners van vandag is almal sonder maniere." (1)

**[5]**

6.1




[Uit: *Google Images*]

Marie is **verbaas** omdat haar vriendin se man die skottelgoed was.
Kies die sin wat aandui hoe **verbaas** Marie is omdat hy **die** skottelgoed was.

A "Dis mooi om 'n man te sien skottelgoed was."
B "My man sal nooit in die huis werk nie."
C "Kan dit waar wees dat 'n man skottelgoed was?"
D "Kan ons nie eerder die skottelgoed was nie?" (1)

6.2



[Uit: *Google Images*]

Sipho en Karel het mekaar baie lank laas raakgeloop. Die twee vriende is baie **bly** om mekaar te sien.
Kies die sin wat Sipho sal gebruik om sy **blydskap** te wys.

A "Wat doen jy deesdae, Karel?"
B "Ai Karel, dis lekker om jou weer te sien!"
C "Hallo, jy lyk altyd goed."
D "Goeie dag, ken ek jou?" (1)

6.3




[Uit: *Google Images*]

Die meisie in die middel van die prent hou nie van die nuwe meisie in die skool nie.
Kies die sin wat aandui hoe die meisie haar vriendin **manipuleer** om nie met die nuwe meisie te praat nie.

A "Aai tog! Dis moeilik om in 'n nuwe skool aan te pas."
B "Genugtig! Maar sy trek snaakse klere aan."
C "Haar hare pas mooi by haar klere."
D "Jy moenie met haar praat nie, sy pas nie by ons nie!" (1)

6.4




[Uit: *Google Images*]

Die seun het die venster gebreek en die huiseienaar wil sy ma bel.
Kies die sin wat die seun kan gebruik om die man te **soebat** om nie sy ma te bel nie.

A "Moet net nie my ma bel nie, asseblief Oom."
B "Los my arm, ek wil na my ma toe gaan."
C "Eina! Jy maak my seer, ek gaan my ma vertel."
D "Dit was nie ek nie, en ek sal nie die venster betaal nie." **(1)**

6.5



[Uit: *Google Images*]

Die man is **kwaad** vir die ander motorbestuurder wat voor hom ingery het en hy gebruik lelike taal.
Kies die sin wat aandui hoe **kwaad** die man vir die ander motorbestuurder is.

A "Aitsa, maar jy ry vinnig voor my in!"
B "Jou dom esel! Kyk waar jy ry!"
C "Sjoe, hy het my seker nie gesien nie!"
D "Siestog. Amper was daar 'n ongeluk." (1)
**[5]**

6.1



[Uit: *Google Images*]

Tina is baie **opgewonde** omdat die skool gesluit het vir die vakansie.
Kies die sin wat aandui hoe **opgewonde** Tina is.

A “Sjoe, ek is moeg, maar gelukkig is dit nou vakansie.”
B “Hiert! Die vakansie gaan begin.”
C “Ag, dis alweer vakansie!”
D “Hoera! Uiteindelik is dit vakansie!” (1)

6.2




[Uit: *Google Images*]

Die bestuurder is baie **kwaad** vir die werker wat 'n fout gemaak het.
Kies die sin wat aandui hoe **kwaad** die bestuurder vir die werker is.

A “Toemaar, almal maak foute.”
B “Alles reg. Sorg dat dit nie weer gebeur nie!”
C “Dis jou laaste waarskuwing, loop nou!”
D “Dis nie so erg nie, vergeet daarvan.” (1)

6.3




[Uit: *Google Images*]

Die seun wil nie skool toe gaan nie en probeer sy pa **manipuleer** om die skoolhoof te bel.
Kies die sin wat aandui hoe die seun sy pa probeer **manipuleer** om die skoolhoof te bel.

A "Sal Pa die hoof bel en sê ek is siek?"
B "Ek sal die kar was as Pa die hoof bel en sê ek is siek."
C "Ek wil nie skool toe gaan nie, bel die hoof!"
D "Bel die hoof en sê ek is siek." (1)

6.4



[Uit: *Google Images*]

Sipho vra Mavis om te gaan fliek, maar sy is **ongemanierd.**
Kies die sin wat aandui hoe **ongemanierd** Mavis is.

A "Ek gaan nie uit met mans wat nie hulle eie motors het nie."
B "Jammer, maar my ouers laat my nie toe om uit te gaan nie."
C "Ek kan nie gaan nie, want ek moet 'n toets skryf."
D "Ek het reeds die fliek gesien, dankie, maar geniet jy dit." (1)

6.5



[Uit: *Google Images*]

Piet is **verbaas** dat Lisa 'n mediese dokter is.
Kies die sin wat aandui hoe **verbaas** Piet is omdat die mooi meisie ook slim is.

A "Mooi meisies soos jy hoef mos nie te werk nie."
B "Hoekom soek jy nie net 'n man en trou nie?"
C "Slim meisies moet trou en in die huis werk."
D "'n Mooi meisie soos jy kan mos nie 'n mediese dokter wees nie?" (1)

**[5]**

**Kyk na die prent op bl 13**

Kies die beste antwoord om by elke situasie te pas. Skryf net die vraagnommer (6.1–6.5) en die letter (A–D) neer.

6.1 Die vrou het vir die man die verkeerde kleingeld gegee.
Kies die sin wat die kwaai man sal gebruik om haar baie sleg te sê en te laat huil.


A "Ag nee, jy het dan vir my die verkeerde kleingeld gegee."
B "Kan jy nie jou werk doen nie? Jou dom esel!"
C "My kleingeld is te min."
D "Dis nie mooi om vir mense die verkeerde kleingeld te gee nie." (1)

6.2 Die kwaai man se vriend probeer hom kalmeer.
Kies die sin wat die vriend vir die kwaai man sal sê.

A "Moenie so lelik met haar praat nie, kom ons loop eerder."
B "Sy kan maar huil, sy het moeilikheid gesoek!"
C "Trane gaan niks regmaak nie!"
D "As ek jy is, sal ek vir haar bestuurder gaan sê." (1)

6.3 Die seun is hartseer en ongelukkig.
Kies die sin wat die pa sal gebruik om hom te troos.

A "Jy gaan later honger word."
B "Eet jou kos!"
C "Eet 'n koekie, dalk sal jy dan beter voel."
D "Doen wat ek vir jou sê!" (1)




[Verwerk uit: *Sarie 2011*]

6.4 Die seun is hartseer en ongelukkig en wil nie 'n koekie eet nie.
Kies die sin wat die seun sal gebruik om dit aan te dui.

A "Waarom los jy my nie uit nie?"
B "Nee, ek wil nie eet nie!"
C "Ek is nie honger nie."
D "Nee dankie, my hart is te seer om te eet." (1)

6.4 Die seun is hartseer en ongelukkig en wil nie 'n koekie eet nie.
Kies die sin wat die seun sal gebruik om dit aan te dui.


A "Waarom los jy my nie uit nie?"
B "Nee, ek wil nie eet nie!"
C "Ek is nie honger nie."
D "Nee dankie, my hart is te seer om te eet." (1)

6.5 Die man wil nie met die hond gaan stap nie.
Kies die sin wat die vrou sal gebruik om haar man te beveel om met die hond te gaan stap.

A "Sien jy nie die hond wil gaan stap nie?"
B "Hoekom wil jy nie met die hond gaan stap nie?"
C "Goeie mans stap gereeld met hul honde."
D "Gaan stap met die hond!" (1)

**[5]**

Dis Saterdagoggend en die winkel is baie besig. Die skoonmaker is besig om die gang se vloer te was, en die vrou gly op die nat vloer. Waar die man loop, is die vloer nog vuil en hy trap in kougom.




[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 Mei 2011]

Kies die antwoord om by elke situasie te pas. Skryf net die vraagnommer (6.1–6.5) en die letter (A–D) neer.

6.1 Die man is **kwaad** en gebruik taal wat aandui hoe kwaad hy is.
Kies die sin wat die kwaai man sal gebruik omdat hy kwaad is oor die vuil vloer.

A "O genade, daar sit my voet vas."
B "Ag nee! SIES! Was julle vuil vloere!"
C "Dis nou 'n gemors. Wat nou?"
D "Kan julle nie die vloere was nie?" (1)

6.2 Die skoonmaker vra die man om **verskoning**.
Kies die sin wat die skoonmaker sal gebruik:

A "Ek is so jammer oor die vuil vloer."
B "Pasop vir die nat vloer, want jy kan gly."
C "Ag man, dis nie so erg nie!"
D "Ag ou man! Kan jy nie kyk waar jy loop nie?" (1)

6.3 Die vrou gly op die nat vloer. Sy val baie hard en maak haar rug seer.
Kies die sin wat die vrou sal gebruik:

A "Sjoe, maar die vloer is glad."
B "Aitsa, kyk hoe gly ek nou, amper kry ek seer."
C "Hiert! Amper maak ek my rug seer."
D "Eina! Bel 'n ambulans, ek het baie seer gekry!" (1)

6.4 Die man met die strepieshemp sluip in die gang af.
Wat dink jy doen hy daar?

A Hy is 'n polisieman wat winkeldiewe wil vang.
B Hy wil die dogtertjie wat op die vloer speel, skrikmaak.
C Hy is 'n winkeldief wat iets wil steel.
D Hy sluip, want hy is bang hy gly ook op die nat vloer. (1)

6.5 Wat word met "Superbesparings" bedoel?

A Baie groot besparings
B Redelike besparings
C Min besparings
D Geen besparings nie (1)

**[5]**



[*Clip Art*]

7.1 SITUASIE: Molefi is besig met sy huiswerk. Die kinders blaas vuvuzelas net buite sy kamervenster. Hy is **kwaad**, maak sy ore toe en skree vir hulle om op te hou.

OPDRAG: Hoe sal Molefi **KWAAD** aan die kinders skree sodat hulle moet **OPHOU** om die vuvuzelas te blaas?

Voltooi die sin in ongeveer 5 – 10 woorde.

Molefi skree: "Ek probeer ... , hou ...!" (2)




[*Clip Art*]

7.2 SITUASIE: Thabang is 'n boelie. Hy is in graad 12 en hou daarvan om die graad 8-leerders te boelie. Die graad 8-leerder **PLEIT** dat Thabang sy **goed** (geld, selfoon, ens. ) nie moet vat nie.

OPDRAG: Wat sal dié graad 8-leerder aan Thabang sê?

Voltooi die sin in ongeveer 5 – 10 woorde.

Die graad 8-leerder sê: "Moet asseblief nie, ..." (2)



[*Clip Art*]

7.3 SITUASIE: Die seun het gedink dat die meisie oor hom geskinder het. Hy was baie kwaad en toe bel hy haar. Na hulle lang telefoongesprek, besef hy dat hy verkeerd was. Nou vra hy om **verskoning.**


OPDRAG: Wat sal Odwa se woorde aan Hilda, die meisie, wees?

Kies die KORREKTE antwoord.

A Hilda, dit is nie my skuld nie.
B Hilda, ek gee nie om nie.
C Hilda, ek is baie jammer.
D Hilda, wil jy saamkom, asseblief? (1)

**[5]**

8.1



[Uit: *DISCOVERY Winter*, 2008]

SITUASIE: Mnr. Smit voel die afgelope tyd baie moeg en siek. Hy is baie BEKOMMERD oor sy gesondheid en besluit om dokter toe te gaan. Die verpleegster het hom ondersoek en hom probeer TROOS.

8.1.1 OPDRAG: Wat sê mnr. Smit aan die verpleegster om aan te dui dat hy BEKOMMERD is? Voltooi die sin in ongeveer 5 –10 woorde.

Mnr. Smit: Ek voel ... (1)

8.1.2 OPDRAG: Skryf 'n kort sinnetjie waarin die verpleegster vir mnr. Smit TROOS. Voltooi die sin in ongeveer 5 –10 woorde.

Die verpleegster: Ag, Meneer ... (1)

8.2



[*ISOLEZWE*, 8 Februarie 2010]

SITUASIE: John, Susan, Steve, Mpho en Marie voltooi hierdie jaar matriek. Hulle is BLY en gesels oor hoe DANKBAAR hulle is om mekaar as vriende te hê.

8.2.1 OPDRAG: Wat sê John aan sy maats om sy BLYDSKAP oor te dra? Voltooi die sin in ongeveer 5 –10 woorde.

John: Hoera, ... (1)

8.2.2 OPDRAG: Skryf 'n kort sinnetjie waarin Steve vertel hoe DANKBAAR hy is om sulke maats te hê. Voltooi die sin in ongeveer 5 –10 woorde.

Steve: Ouens, ... (1)

8.2.3 OPDRAG: Skryf 'n kort sinnetjie waarin Susan sê hoe sy haar skooljaar GENIET het. Voltooi die sin in ongeveer 5 –10 woorde.

Susan: My skooljaar ... (1)

**[5]**